



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

3-in-1

Rekeningkunde

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Ann Botha

GRAAD

10

KABV



Graad 10 **Rekeningkunde** 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 10 Rekeningkunde 3-in-1 studiegids bied aan jou 'n uitstekende wegspring vir Rekeningkunde in toekomstige grade. Jy werk deur logies georganiseerde afdelings en kry 'n dieper begrip van die basiese terme, konsepte en beginsels wat jy sal nodig hê. Die gegradeerde vrae en antwoorde nooi jou uit om dit wat jy leer, toe te pas en dop te hou hoe jou vakkundigheid verbeter.

Sleutelkenmerke:

- Stapsgewyse, metodiese benadering
- Omvattende notas met uitgewerkte voorbeelde per onderwerp
- Gegradeerde vrae en antwoorde per onderwerp
- Eksamenvraestelle en antwoorde met nuttige wenke

Die sleutel tot hierdie vak is 'oefen' en dit is juis wat hierdie boek bied.

GRAAD

10

KABV

3-in-1

Rekeningkunde

Ann Botha

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Notas oor alle terme, konsepte en beginsels
- 2 Vrae & Antwoorde – verskillende tipes oor elke onderwerp
- 3 Eksamenvrae met antwoorde

eBoek
beskikbaar



INHOUD

Hoe om hierdie boek te gebruik	i
--------------------------------------	---

NOTAS

ONDERWERP 1: BASIESE KONSEPTE..... 1

Vyf basiese konsepte wat jy moet ken en kan toepas.....	1
Die doelwit van Rekeningkunde	2
Die Algemene Grootboek	
Die Hulpjoernale	
Die basiese reël van Rekeningkunde	

ONDERWERP 2: INFORMELE/INHEEMSE BOEKHOUDING; AARP; ETIEK EN INTERNE BEHEER..... 3

Informele/Inheemse boekhouding	3
Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk (AARP)	4
Etiek	6
Interne beheer	
Beheer van bates	
Ander beheermaatreëls	8
Maniere om te verseker dat interne beheer doeltreffend is	



ONDERWERP 3: KONTANTJOERNALE 10

Hulpjoernale en Brondokumente.....	10
Deurlopende voorraadstelsel	
Hoe om die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) te doen.....	11
Notas oor sommige items in die KOJ	12
Die kolom in die Kontantontvangstejoernaal	13
Die 'Koste van Verkope'-kolom	
Oefening om Koste van Verkope te bereken	14
Optekening van 'n Kontantontvangstejoernaal – stapsgewys	15
Hoe om die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) te doen.....	18
Notas oor sommige items in die KBJ	
Die kolom in die Kontantbetalingsjoernaal	19
Optekening van 'n KBJ – stapsgewys	20
Hoe om die Kleinkasjoernaal (KKJ) te doen	22
Optekening van 'n Kleinkasjoernaal – stapsgewys	



ONDERWERP 4: KREDIET- (& ANDER) JOERNALE 23

Verwerking van krediettransaksies	23
Dokumente wat gebruik word om die Debiteure- en Krediteurejoernale op te teken	
Hoe om die Debiteure- (DJ) en Krediteurejoernale (KJ) te doen	24
Die Algemene Joernaal (AJ)	26
Hoe om die Algemene Joernaal te doen – stapsgewys	

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

Die doel van hierdie boek is om jou, die leerder, in staat te stel om dit wat jy in die klas geleer het, vas te lê. Die benadering is daadwerklik, want Rekeningkunde is 'n praktiese vak – om dit te bemeester, moet jy oefen, oefen, oefen!

Elke afdeling het 'n kort opsomming van wat jy moet weet. Die belangrikste afdelings – Hulpjoernale, Grootboeke, Finale Rekening en Finansiële State het verdere besonderhede en, waar nodig, is daar ook 'n 'Hoe om'-verduideliking.



Buiten die terminologie en 'n paar formules wat jy baie goed moet ken, is daar in Rekeningkunde min wat jy hoef te leer.

Die hele vak berus op jou **herkenning** van bates, laste, inkomste en uitgawes – daarom is die eerste eenheid oor **BASIESE KONSEPTE** so belangrik. Dit lig jou in oor die **'BLUIEB-(tower)boks'**, wat regtig werk!

Wat jy wel moet hê:

- 'n **begrip** van die doel van dit wat jy doen en
- 'n **manier om jou die regte vrae af te vra** ten einde die regte antwoorde te kry.



VRAE verskil, en wissel van

- baie kort vrae soos 'kies die nommer' of 'merk die korrekte blok af' om die terme en konsepte wat jy moet ken, te hersien

tot

- volledige vrae oor joernale, grootboeke en jaareinde-werk wat soms 60 minute duur om te doen.

Die **voorgestelde tyd** wat jy behoort te bestee om elke vraag te doen, word deurgaans gegee. Probeer om nie hierdie tyd te oorskry nie. As jy baie meer tyd daaraan bestee, moet jy die vraag weer doen.

ANTWOORDBLADSYE word vir al die antwoorde verskaf. Om dit makliker te maak wanneer verskeie antwoordvelle nodig is, word die vraag op die 'boonste' bladsy en die antwoordvelle op die 'onderste' bladsy gegee. Die 'boonste' bladsy tussen die antwoordvelle sal ander inligting of 'n vraag bevat wat nie vereis dat jy na vorige bladsy verwys nie.

WENK: skryf die antwoord in potlood sodat jy die vraag kan oordoen as dit nie goed gaan nie.



ANTWOORDE op al die vrae word aan die einde van die boek verskaf.

Die antwoorde wat rekeningkunde vereis is korrek.

Die antwoorde op vrae wat om jou mening, ens., vra is voorgestelde antwoorde. Soms is daar nie net een korrekte antwoord nie. Daar word getoets of jy verstaan wat die probleem is. Beantwoord altyd hierdie vrae, selfs al is jy nie eintlik seker wat om te sê nie. Jy sal punte kry vir die poging. As jy egter niks skryf nie, kan jy glad nie punte kry nie.

BEREKENINGE moet altyd getoon word sodat jy deelpunte kan kry as jy 'n onverskillige fout maak. Doen dit onder die antwoord (nie die vraag nie) sodat die nasiener kan sien wat jy verkeerd gedoen het.



GAAN JOU VORDERING NA

Elke vraag is anders en handel oor 'n belangrike aspek van die werk; probeer dus om almal te doen. Dit is 'n goeie plan om dadelik al jou antwoorde na te sien. As jy reg is, weet jy dat jy reg is om die volgende vraag aan te pak. Doen die vrae in die volgorde waarin dit gegee word, omdat die maklike vrae eerste is.

EKSAMENVRAE

Hersien eers al die werk en doen dan die eksamenvrae wat verskaf word.



TERMINOLOGIE

Aan die einde van die boek sal jy 'n woordelys en hul betekenis aantref, asook Aanvaarbare afkortings, Alternatiewe Terminologie en 'n Gr. 10 Formuleblad.

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN TINY TOTS – JANUARIE

KOJ5

1
van wie?



2
hoeveel?



Hierdie kolom word die Ontledingskolomme genoem.
Gebruik die een wat toon 3 **waarvoor** die geld ontvang is.



OF



DOK	DAG	BESONDERHEDE	ONTLEDING VAN ONTVANGSTE	BANK	VERKOPE	KOSTE VAN VERKOPE	LOPENDE INKOMSTE	DEBITEURE- KONTROLE	KORTING TOEGE- STAAN	DIVERSE REKENINGE	
										BEDRAG	BESONDERHEDE
	30	Totale a/b		68 680	56 000	42 000	3 200	7 750	430	2 160	
	31	T Tiny	[1]	10 000						10 000	Kapitaal
11		K Klein	100							100	Huurinkomste
12		S Small	250					250			
13		M Micro	95					100	5		
14		W Weenie	250					275	25		
15		M Minnie	285					300	15		
16		M Minor	120							120	Oninbare skulde verhaal
17		ABC Bank	10 800							10 000	Vaste deposito: ABC Bank
										800	Rente op vaste deposito
[3]		Kontant	4 400	[2] 16 300	4 000	3 000	400				
		Capitec Bank	[1]	20						20	Rente op vaste deposito
				95 000	60 000	45 000	3 600	8 675	475	23 200	

HOE OM KRUISTELLING TE DOEN

= + IGNOREER + + - +
[4] [5] [6] [7]

Notas

- As daar gesê word dat **die geld direk in die bankrekening gedeponeer is**, sal daar geen dokument wees nie omdat ons nie die geld fisies ontvang het nie. Skryf die bedrag wat ontvang is direk in die Bankkolom. Die bank deponeer altyd die rente op lopende rekening direk in ons rekening.
- Alle** geld wat by die winkel ontvang word, word in die kasregister gesit (wat die 'Ontleding van ontvangste-kolom' is) en aan die einde van die dag in die bank gedeponeer.
- Al die kontant wat ontvang word vir verkope en dienste word eers aan die einde van die dag getel. Die kontantstrokie het nie dokumentnommers nie.
- Ignoreer die 'Koste van verkope-kolom' wanneer kruisoptelling gedoen word.
 $95\,000 = 60\,000 + 8\,675 - 475 + 26\,800$

Hierdie kolom hou 'n nota van die koste van die handelsvoorraad wat die winkel verlaat het om die Handelsvoorraadrekening op datum te hou.

- Die Lopende inkomste-kolom toon die kontant wat vir dienslewering ontvang is. Die brondokument is 'n kontantstrokie of kasregisterstrokie (dieselfde as vir verkope) en die totaal wat vir die dag ontvang word, word in totaal ingeskryf.
- Die 'Debiteurekontrolekolom' toon altyd die **volle bedrag** wat die debiteur nou vereffen, hoewel die volle bedrag nie kontant betaal word nie.
- Korting is die geld wat ons **nie** ontvang het nie, en daarom word dit afgetrek wanneer daar kruisopgetel word.

Doen nou **VRAAG 9** op bladsy 82 en **VRAAG 11** op bladsy 86.

'N VERGELYKING VAN DIE DRIE PROEFBALANSE

TINY TOTS

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE		
BALANSSTAATAFDELING	DT	KT
Kapitaal		360 000
Onttrekkings	75 000	
Voertuie	180 000	
Toerusting	86 000	
Handelsvoorraad	102 500	
Bank	20 000	
NOMINALE AFDELING		
Verkope		471 600
Debiteure-afslag	15 600	
Koste van verkope	240 000	
Skryfbehoeftes	8 200	
Advertensies	3 000	
Kommissie-inkomste		9 600
Water en elektrisiteit	4 800	
Huurinkomste		15 000
Diverse bedryfsuitgawes	121 100	
	856 200	856 200

NA-AANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE		
BALANSSTAATAFDELING	DT	KT
Kapitaal		360 000
Onttrekkings	75 000	
Voertuie	180 000	
Toerusting	86 000	
Handelsvoorraad	100 000	
Bank	20 000	
Verbruiksgoedere voorhande	500	
Vooruitbetaalde uitgawes	1 000	
Opgelope inkomste	900	
Opgelope uitgawes		400
Inkomste vooruitontvang		3 000
NOMINALE AFDELING		
Verkope		471 600
Debiteure-afslag	15 600	
Koste van verkope	240 000	
Skryfbehoeftes	7 700	
Advertensies	2 000	
Kommissie-inkomste		10 500
Water en elektrisiteit	5 200	
Huurinkomste		12 000
Diverse bedryfsuitgawes	121 100	
Handelsvoorraadtekort	2 500	
	857 500	857 500

NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE		
BALANSSTAATAFDELING	DT	KT
Kapitaal		385 000
Voertuie	180 000	
Toerusting	86 000	
Handelsvoorraad	100 000	
Bank	20 000	
Verbruiksgoedere voorhande	500	
Vooruitbetaalde uitgawes	1 000	
Opgelope inkomste	900	
Opgelope uitgawes		400
Inkomste vooruitontvang		3 000
	388 400	388 400

LET WEL

Hierdie Proefbalanse is nie realisties nie; daar is byvoorbeeld geen waardevermindering nie, want ons het nog nie die inskrywings bestudeer nie, en baie uitgawes is in Diverse bedryfsuitgawes versteek. Die veronderstelling is dat Tiny Tots 'n nuwe onderneming is wat net op 'n kontantbasis koop en verkoop omdat daar geen debiteure en krediteure is nie.

DIE DOEL is om te toon dat:

1. die Vooraansuiweringsproefbalans baie rekeninge het, maar nie dié wat geskep is toe die boeke aangesuiwer is nie.
2. die Na-aansuiweringsproefbalans die langste proefbalans is omdat dit al die rekeninge toon. Dit word gebruik om die finale rekeninge en Finansiële State op te stel. (Onderwerpe 8 en 9)
3. die Na-afsluitingsproefbalans net Balansstaat-items bevat, want alle nominale rekeninge en onttrekkings is nou afgesluit (soos die naam te kenne gee). (Onderwerp 9)

MODEL VAN 'N BALANSSTAAT

Nadat die Inkomstestaat opgestel is om die netto wins **vir die jaar** te toon, word die Balansstaat opgestel. Dit is 'n lys van al die onderneming se bates en laste op 'n **bepaalde datum**. Dit beteken dat die syfers net waar is met sluitingstyd op die laaste dag van die finansiële periode.

Die Balansstaat som die bates en laste op in kategorieë en in 'n bepaalde volgorde.

Dit dui aan of die onderneming solvent en likied is. Hierdie ontleding sal in Onderwerp 10 gedoen word.

Die uiteensetting van die Balansstaat moet geleer word.



SMALLVILLE HANDELAARS BALANSSTAAT OP 29 FEBRUARIE 2012

	NOTA		
BATES			
Nie-bedryfsbates		↗	850 326 ↗
Vaste/Tasbare bates	3	↑	800 326
Finansiële bates			
Vaste deposito: Krypton Bank (8% p.j.)		↑	50 000
Bedryfsbates		↗	384 241 ↗
Voorraad	4	↑	268 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	5	↑	64 791
Kontant en kontantekwivalente	6	↑	51 450
Totale bates			1 234 567 ↗
EKWITEIT EN LASTE			
Eienaarsbelang	7		650 000 ↗
Nie-bedryfslaste		↗	400 000 ↗
Lening: Luther Bank (12% p.j.)		↑	400 000
Bedryfslaste		↗	184 567 ↗
Korttermyngedeelte van langtermynlening (sien Nota)		↑	100 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	8	↑	58 947
Bankoortrekking (indien kredietsaldo)		↑	25 620
Totale ekwiteit en laste			1 234 567 ↗

Die Balansstaat **MOET** in hierdie volgorde wees: $B = EB + L$

Die volgorde is een van inverse likiditeit.



INVERSE: omgekeerde
LIKIDITEIT: beskikbaar in kontant

Bates wat die langste sal duur om in kontant om te sit (vaste bates), is eerste, en kontant, die mees likiede bate, is laaste.

Net so word die laste op so 'n wyse gerangskik dat die een wat laaste betaal sal word, (bv. die lening) eerste is.

Dit is die presiese volgorde wat in Onderwerp 1 gegee is.

Voordat jy met die Balansstaat kan begin, moet jy die volgende doen

Notas tot die Finansiële State


Sien bladsy 68.

Die nommer van die nota moet in die Notakolom aangedui word.

Syfers met 'n **boksie** daarom kan nie weer gebruik word nie.

Die **totaal** van die syfers in 'n boksie kom altyd **boaan** die boksie langs die toepaslike bewoording. Dit is die syfers wat in die Balansstaat gebruik word.

(Sien vetgedrukte syfers op bladsy 68.)



MODEL-NOTAS TOT FINANSIËLE STATE

NOTAS TOT FINANSIËLE STATE VIR JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

1 RENTE-INKOMSTE	
Rente op lopende rekening	X
Rente op vaste deposito	X
Rente-inkomste (d.w.s. op debiteure se agterstallige rekeninge gehef)	X
	XX

2 RENTE-UITGAWE	
Rente op lening	X
Rente op oortrekking	X
Rente-uitgawe (d.w.s. krediteure belas ons agterstallige rekeninge)	X
	XX

Die bostaande twee notas kom op die Inkomstestaar voor. Daarom lui die opskrif Notas tot Finansiële State en nie Notas tot Balansstaat nie.



3 VASTE/TASBARE BATES	GROND EN GEBOUE	VOERTUIG	TOERUSTING	TOTAAL
Drawaarde aan begin van jaar	565 000	30 000	50 250	645 250
Kosprys	565 000	150 000	69 500	784 500
Opgehoopte waardevermindering		(120 000)	(19 250)	(139 250)
Bewegings				
Toevoegings teen kosprys		185 000	12 500	197 500
Waardevermindering vir jaar		(29 999)	(12 425)	(42 424)
Drawaarde aan einde van jaar	565 000	185 001	50 325	800 326
Kosprys	565 000	335 000	82 000	982 000
Opgehoopte waardevermindering		(149 999)	(31 675)	(181 674)

4 VOORRAAD	
Handelsvoorraad	262 500
Verbruiksgoedere voorhande	5 500
	268 000

5 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE	
Handelsdebiteure	40 946
Vooruitbetaalde uitgawes	11 545
Opgelope inkomste	12 300
	64 791

6 KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	
	—
Kleinkas	250
Wisselgeld	1 200
Vaste deposito: Krypton Bank (sien Nota op bladsy 67)	50 000
	51 450

7 EIENAARSELANG	
Saldo aan einde van vorige jaar	500 000
Netto wins vir jaar	157 750
Addisionele kapitaal bygedra	75 000
	732 750
Onttrekkings	(82 750)
Saldo aan einde van huidige jaar	650 000

8 HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE	
Handelskrediteure	39 222
Opgelope uitgawes	15 725
Inkomste vooruitontvang	4 000
	58 947

NOTA: Die syfers in vetdruk is dié wat in die Balansstaat voorkom.

HOE OM DIE VASTE/TASBARE BATE NOTA TE DOEN – STAPSGEWYS

Die Vaste bate-nota is nie 'n maklike nota nie, maar sal in die volgende twee jaar 'n baie belangrike een word.

Gebruik die onderstaande inligting:

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 29 FEBRUARIE 2012

Grond en geboue	565 000	
Voertuie	335 000	
Toerusting	82 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		120 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		19 250



AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

- Op 1 September 2012 het die onderneming 'n voertuig gekoop wat R185 000 gekos het en op 1 Januarie 2013 is toerusting wat R12 000 gekos het kontant gekoop.
- Waardevermindering is soos volg afgeskryf: voertuie R29 999; toerusting R12 425.

VRAE

Onderwerp 1: Basiese Konsepte	77
Onderwerp 2: Informele Boekhouding; AARP; Etiek en Interne Beheer.....	78
Onderwerp 3: Kontantjoernale	82
Onderwerp 4: Krediet- (& ander) joernale	90
Onderwerp 5: Grootboeke, Proefbalanse en Die Rekeningkundige Vergelyking	98
Onderwerp 6: Belasting op Toegevoegde Waarde.....	115
Onderwerp 7: Salarisse en Lone	117
Onderwerp 8: Finale Rekeninge	124
Onderwerp 9: Finansiële State	138
Onderwerp 10: Ontleding en Vertolking van Finansiële State	147
Onderwerp 11: Kosterekeningkunde	152
Onderwerp 12: Begroting	156

VOORSTELLE HOE OM DIE VRAE TE BEANTWOORD

Hou die tyd versigtig dop en probeer om dit nie te oorskry nie.
Hoe meer vrae jy doen, hoe vinniger sal jy word.



Lees altyd die vrae noukeurig. Kyk ook na die Antwoordblaaie sodat jy baie seker kan wees wat van jou verlang word.

Maak seker dat jy die korrekte skryfbehoeftes het. As jy in potlood gaan antwoord, maak seker dat dit 'n sagte, donker een is wat maklik is om te lees. En moenie vergeet om 'n potloodskerpemaker saam te neem nie!

'N REKENINGKUNDIGE-TIPE VRAAG

Toon altyd jou berekening / bewerkings op die Antwoordblad, nie die vraestel nie.

Toon in hakies langs die bewoording, hoe jy by jou antwoord uitgekome het, soos wat ek in al die antwoorde gedoen het.



Sommige antwoorde is baie punte werd, bv. waardevermindering kan 6 of 7 punte tel. As jou antwoord verkeerd is en jy geen bewerkings toon nie, sal jy 0 kry!

As jy elke bedrag apart toon sal jy punte verdien vir dié wat korrek is, en miskien deelpunte, vir dié wat na aan reg is.

'N INTERPRETASIE-TIPE VRAAG

Beantwoord elke vraag selfs al is jy nie 100% seker wat om te sê nie.

Beantwoord altyd die vraag. Byvoorbeeld, wanneer jy gevra word of jy saamstem met die gegewe stelling, moenie vergeet om 'Ja' of 'Nee' te sê nie – dit sal jou 1 punt gee.

Verduidelik die betekenis van die hoofkonsep waarvan gevra word.

Gee enige ander inligting wat jy kan onthou – jy mag dalk 'n punt of twee kry, selfs al is dit nie juis wat vereis is nie.

As jy niks skryf nie – sal jy niks kry nie!

Hoe meer vrae jy uitwerk, hoe meer waarskynlik is dit dat jy sal kan herken wat die eksaminator voor vra.

Voorspoed!

4 KREDIET- (& ANDER) JOERNALE

VRAAG 13 – DIE KREDIETJOERNALE

(20 min)

Antwoorde op bladsy 186.

KIES die nodige transaksies uit die inligting deur die dokumente gegee vanaf **OCEAN BLUE BROERS**, om die joernale op te teken en af te sluit.

LET WEL: Goedere word teen 'n winsopslag van 20% op kosprys verkoop.

TRANSAKSIES VIR SEPTEMBER

- 1 Verkoop goedere op krediet aan: R Red, R1 200 (faktuur 521) en B Black, R1 800.
- 4 R Red het van die goedere, wat nie volgens sy bestelling was nie, teruggestuur. Reik kredietnota 72 vir R120 aan hom uit.
- 6 Koop goedere van China & Kie vir R6 000 (faktuur gehernommer 321). Verkoop handelsware aan I Irish vir R240 kontant.
- 8 Die helfte van die goedere op 6 September van China & Kie gekoop, is tydens vervoer beskadig. Stuur hierdie goedere aan hulle terug met debietnota 51.
- 12 Verkoop goedere op krediet aan T Timor vir R900.
- 15 Ontvang 'n faktuur van Tasman Handelaars vir goedere R12 000, skryfbehoeftes R560, verpakkingsmateriaal, R350 en 'n kantoorlessenaar, R2 500. Koop goedere van Caspian BK vir R5 600, onderhewig aan 10% handelskorting.
- 18 Stuur onbevredigende verpakkingsmateriaal terug na Tasman Handelaars, R182 en kla dat hulle nie die 10% handelskorting afgetrek het van die goedere op die 15de koop nie. T Timor stuur goedere terug, R180, omdat dit nie behoorlik gewerk het nie. Hierdie goedere is van Caspian BK gekoop en moet aan hulle teruggestuur word.
- 25 Koop 'n rekenaar, R8 000 en rekenaarpapier R500 van China & Kie.
- 30 Die eienaar koop 'n rekenaar van Tasman Handelaars vir sy eie gebruik, R6 460. Stuur al die rekenaarpapier terug na China & Kie aangesien dit onbevredigend was en eis 'n 5% afslag op die rekenaar wat tydens aflewering effens beskadig is.

OCEAN BLUE BROERS

DEBITEUREJOERNAAL – SEPTEMBER

DJ10

FAKT	DAG	DEBITEUR	VERKOPE	KOSTE VAN VERKOPE
521	1	R Red	1 200	1 000

DEBITEURE-AFSLAGJOERNAAL – SEPTEMBER

DAJ10

K/N	DAG	DEBITEUR	DEBITEURE-AFSLAG	KOSTE VAN VERKOPE
72	4	R Red	120	100

KREDITEUREJOERNAAL – SEPTEMBER

KJ10

FAKT	DAG	KREDITEUR	KREDITEURE-KONTROLE	HANDELS-VOORRAAD	SKRYF-BEHOEFTES	VERPAKKINGS-MATERIAAL	DIVERSE REKENINGE	
							BEDRAG	BESONDER-HEDE
321	6	China & Kie	6 000	6 000				

KREDITEURE-AFSLAGJOERNAAL – SEPTEMBER

KAJ10

D/N	DAG	KREDITEUR	KREDITEURE-KONTROLE	HANDELS-VOORRAAD	SKRYF-BEHOEFTES	VERPAKKINGS-MATERIAAL	DIVERSE REKENINGE	
							BEDRAG	BESONDER-HEDE
51	6	China & Kie	3 000	3 000				

LET WEL: Al hierdie joernale is baie eenvoudig. Slegs die eerste inskrywing is in elke joernaal as 'n gids getoon.

5 GROOTBOEKE, PROEFBALANSE EN DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

VRAAG 18 – ALGEMENE GROOTBOEK EN PROEFBALANS (60 min)

Antwoorde op bladsy 187.

S Stork het 'n besigheid genaamd **TREETOPS HANDELAARS** op 1 Mei, begin. Die hulpjoernale is voltooi en jy is gevra om:

- na die Algemene Grootboek oor te boek, die Balansstaatafdeling behoorlik te saldeer en die Nominale afdeling te potloodsaldeer/totaliseer.
- 'n Proefbalans op te stel om te bewys dat daar geen foute is nie.

UITTREKSELS UIT HULPJOERNALE VAN TREETOPS HANDELAARS

KREDITEUREJOERNAAL – MEI		KJ1
Krediteurekontrole	R116 700	
Handelsvoorraad	100 000	
Skryfbehoeftes	1 500	
Verpakkingsmateriaal	5 600	
Diverse: Mei 26 Onttrekkings	9 600	

KREDITEURE-AFSLAGJOERNAAL – MEI		KAJ1
Krediteurekontrole	R5 800	
Handelsvoorraad	5 000	
Skryfbehoeftes	200	
Verpakkingsmateriaal	600	

DEBITEUREJOERNAAL – MEI		DJ1
	VERKOPE	KOSTE VAN VERKOPE
	35 000	25 000

DEBITEURE-AFSLAGJOERNAAL – MEI		DAJ1
	DEBITEURE-AFSLAG	KOSTE VAN VERKOPE
	7 000	5 000

KLEINKASJOERNAAL – MEI				KKJ1
TOTAAL	HANDELSVOORRAAD	SKRYFBEHOEFTE	ONTTREKKINGS	
230	100	30	100	

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL – MEI KOJ1

Bank	R259 750
Verkope	56 000
Koste van verkope	40 000
Debiteurekontrole	3 840
Korting toegestaan	90
Diverse: Mei 1 Kapitaal	160 000
Lening: ABC	40 000

KONTANTBETALINGSJOERNAAL – MEI KBJ1

Bank	R291 550
Handelsvoorraad	65 400
Krediteurekontrole	36 000
Korting ontvang	1 800
Diverse: Mei 1 Voertuie	152 000
Toerusting	27 500
Kleinkas	300
22 Advertensies	11 420
31 Kleinkas	230
Bankkoste	415
Rente op oortrekking	85

ALGEMENE JOERNAAL – MEI AJ1

Dag	Besonderhede	DT	KT	DEBITEURE		KREDITEURE	
				DT	KT	DT	KT
20	Totale o/d Donasies	1 300		45	155	150	40
	Handelsvoorraad		1 300				
25	Onttrekkings	50					
	Skryfbehoeftes		50				
				45	155	150	40

SALDERING VAN GROOTBOEKREKENINGE

'Behoorlike Saldering': Sekere grootboekrekeninge word aan die einde van elke maand behoorlik gesaldeer sodat die saldo's gekontroleer kan word teenoor eksterne of interne bronne vir kontroledoelindes, bv. Bank, Debiteurekontrole en Krediteurekontrole.

Potloodsaldering – Wanneer die Proefbalans opgestel word, is daar 'n paar rekeninge wat bedrae aan albei kante het. Ons bereken die saldo in potlood, aangesien ons nie weer die bedrae sal benodig nie.

Potloodtotale – As 'n rekening meer as een bedrag aan een kant het, toon ons slegs die totaal aan die korrekte kant in potlood.

7. Waardevermindering moet afgeskryf word op voertuie teen 25% p.j. op kosprys en op toerusting teen 10% p.j. op boekwaarde.

+ VOERTUIE (B) -	
2011 Mrt 1	Saldo a/b 250 000

- OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE (B-) +	
2011 Mrt 1	Saldo a/b 187 500
2012 Feb 29	Waardevermindering
	subtotaal →

+ TOERUSTING (B) -	
2011 Mrt 1	Saldo a/b 100 000
Okt 1	Bank 15 000
	115 000

- OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSTING (B-) +	
2011 Mrt 1	Saldo a/b 27 100
	subtotaal →

+ WAARDEVERMINDERING (U) -	
2012 Feb 29	Opgehoopte waardevermindering op voertuie op toerusting
2012 Feb 29	

ALGEMENE JOERNAAL VAN S SIMBA

WENKE OOR WAARDEVERMINDERING

Waardevermindering op kosprys/reguitlynmetode

Nuwe Bates

Wanneer 'n bate gedurende die jaar gekoop is, moet sy waardevermindering afsonderlik bereken word, aangesien die onderneming dit nie vir 12 maande gehad het nie. Die nuwe bate-berekening is eenvoudig – wees net versigtig wanneer jy die maande tel.



'Baie ou' Bates

Wanneer die waardevermindering vir ou bates, wat die firma vir meer as 'n jaar het, bereken word, pas op om die bate nie tot R0 af te skryf nie aangesien dit sal beteken dat jy dit nie langer besit nie. As die bate meer as R100 000 gekos het en die waardevermindering is 20% p.j., kan jy nie in die 5^{de} jaar waardevermindering van R20 000 toon nie. Waardevermindering vir 4 jaar = R80 000, wat beteken dat die waarde R20 000 is. Slegs R19 999 kan in die 5^{de} jaar afgeskryf word, sodat die bate teen 'n waarde van R1 in die boeke bly.

Waardevermindering op boekwaarde/drawaarde/verminderdesaldo

Nuwe Bates – dieselfde soos op kosprys

'Ou' Bates (besit dit vir meer as een jaar)

Wees versigtig wanneer jy die 'ou' bate volgens hierdie metode afskryf. Die bestaande totaal van die Opgehoopte waardeverminderingrekening moet van die 'ou' bate afgetrek word, voor jy die berekening doen.

EKSAMENVRAE

Vanaf 2018 word TWEE eksamen vraestelle van 150 punte elk, in die finale eksamens gestel.

Let asseblief op die inhoud van die kurrikulum bly onveranderd en jy word sterk aangeraai om jou kennis te assesser deur die volgende eksamen vrae te oefen.



In toetse en eksamens sal jy van die volgende

FORMULEBLAD voorsien word.

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale Bates : Totale Laste	

In die volgende eksamen vrae is die vrae wat in **Vraestel 1** geëksamineer word

met 'n **1** aangedui, en dié van **Vraestel 2** met 'n **2**.



RAAMWERK VAN VRAESTEL

Gewig van kurrikulum	Eksamen-vraestelle	Onderwerpe
Dissipline 1: Gewig 50% Optekening, verslagdoening en evaluering van Finansiële Inligting en Korporatiewe Bestuur	Vraestel 1	1. Rekeningkundige-konsepte, AARP en IFRS
		2. Boekhouding (insluitende salarisse en lone) en proefbalans
		3. Rekeningkundige vergelyking
		4. Aansuiwerings, finale rekeninge en proefbalans
		5. Finansiële state (insluitende notas, bv. vaste bates- en voorraadnotas; en onafhanklike ouditeursverslag)
		6. Finansiële aanwysers vir verslagdoenings-doeleindes en vertolking
		7. Korporatiewe bestuur, etiek en professionele liggame/instansies
Dissipline 2: Gewig 50% Vervaardiging, Vooruitskatting en Interne Oudit en Beheer	Vraestel 2	1. Rekonsiliasies (insluitende debiteure-ouderdomsontleding)
		2. Belasting op toegevoegde waarde
		3. Voorraadwaardasie
		4. Produksie- en kosterekeningkunde
		5. Begroting en Geprojekteerde Inkomstestaat
		6. Finansiële aanwysers vir interne beheerdoeleindes
		7. Interne beheer en interne oudit (kontant, vaste bates, voorraad, debiteure, krediteure, inkomste en uitgawes, insluitende salarisse en lone)
		8. Etiek

VRAAG 3 (15 min) – BEGROTINGS EN KOSTEKONSEPTE

24 PUNTE

Antwoorde op bladsy 222.

Jy word voorsien van 'n kontantbegroting opgestel deur Tyger Tyson wat in sy vrye tyd serpe by rugbywedstryde verkoop. Hy het 'n begroting opgestel vir die drie maande, eindigend 31 Mei. Aan die einde van hierdie periode vergelyk hy sy begroting met die werklike resultate vir die drie maande. Dit word in die laaste kolom getoon.



INLIGTING

	MAART	APRIL	MEI	TOTAAL	WERKLIK
KONTANTONTVANGSTE					
Verkoop van serpe (R40 elk)	6 000	8 000	12 000	26 000	24 000
Rente op spaarrekening	30	30	30	90	60
	6 030	8 030	12 030	26 090	24 060
KONTANTBETALINGS					
Aankoop van serpe (R15 elk)	2 250	3 000	4 500	9 750	9 000
Lone van assistent	600	600	600	1 800	1 920
Busgeld	500	1 000	1 500	3 000	3 050
Huur van kiosk by rugbywedstryde	400	400	400	1 200	1 200
Selfoon	350	350	350	1 050	3 100
Onttrekkings	1 000	1 000	1 000	3 000	4 000
Verversings	180	220	260	660	990
	5 280	6 570	8 610	20 460	23 260
Kontantsurplus vir die periode	750	1 460	3 420	5 630	800
Kontant aan begin van periode	8 000	8 750	10 210	8 000	8 000
Kontant aan einde van periode	8 750	10 210	13 630	13 630	8 800

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

3.1 Verduidelik die doel van 'n begroting aan hom en wat hy in hierdie drie maande periode moes gedoen het. (4)

3.2 Hoeveel serpe het Tyger verwag om in hierdie periode te verkoop, en hoeveel het hy werklik verkoop? (4)

3.3 Verduidelik kortliks die verskil tussen *vaste* en *veranderlike koste*, en gee 'n voorbeeld van elk. (4)

3.4 Tyger is nie gelukkig dat sy kontantsaldo soveel minder is as wat hy begroot het nie en vra jou raad. Gee TWEE voorbeelde van:

- waar sy onderneming min of meer na verwagting gevaar het (4)

- waar sy onderneming swakker gevaar het as wat hy verwag het (4)

3.5 Lewer kommentaar op sy serpeverkope en wat hy daaraan kon gedoen het. (4)


VRAAG 21

OAKDALE HANDELAARS PROEFBALANS OP 30 JUNIE

	DEBIET	KREDIET
Balansstaatafdeling		
Kapitaal		525 000
Onttrekkings (161 050 + 1 250) [3]	162 300	
Toerusting	200 000	
Voertuie	130 000	
Handelsvoorraad (53 614 – 1 235) [5]	52 379	
Debiteurekontrole (62 156 – 100) [1]	62 056	
Krediteurekontrole		48 390
Bankoortrekking		24 560
Nominale afdeling		
Verkope		877 800
Debiteure-afslag (26 600 + 100) [1]	26 700	
Koste van verkope	425 550	
Advertensies (19 500 + 2 500) [2]	22 000	
Oninbare skulde (2 725 + 75) [6] [Nota 2]	2 800	
Oninbare skulde verhaal (175 + 75) [6]		250
Kommissie-inkomste		24 000
Elektrisiteit en water	18 780	
Versekering (13 500 – 1 250) [3]	12 250	
Verpakkingsmateriaal (14 810 + 1 235) [5]	16 045	
Huuruitgawe	105 000	
Salarisse en lone	185 780	
Skryfbehoeftes	45 620	
Diverse bedryfsuitgawes	6 240	
Telefoon (26 000 + 250 + 250) [4] [Nota 1]	26 500	
	1 500 000	1 500 000

NOTAS

- [1] Wanneer 'n bedrag na die verkeerde kant van 'n rekening oorgeboek word, sal die fout twee keer die bedrag wees – een keer om die fout te kanselleer en een keer om dit te plaas waar dit hoort.
- [2] Enige oorboeking na die KOJ sal na die kredietkant van die rekening wees. Dit beteken dat oninbare skulde kleiner was as wat dit moes wees. Oninbare skulde verhaal moes gekrediteer gewees het, doen dit dus nou.



VRAAG 22

DEBITEUREGROOTBOEK VAN FOREST MEUBILEERDERS Y CASSIA

DG1

DATUM	BESONDERHEDE	FOLIO	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mei 1	Rekening gelewer				449
1	Faktuur 234	DJ13	220		669
4	K/N 121	DAJ13		65	604
12	Kwitansie 223	KOJ13		584	20
	Kwitansie 223 (korting)	KOJ13		20	–
15	Kleinkas B96 (posgeld)	KKJ13	75		75

A CEDAR

DG2

DATUM	BESONDERHEDE	FOLIO	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mei 1	Rekening gelewer				675
15	Faktuur 236	DJ13	2 325		3 000
31	Joernaal (oninbare skulde)	AJ13		3 000	–


G CYPRESS

DG3

DATUM	BESONDERHEDE	FOLIO	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mei 1	Rekening gelewer				650
15	Faktuur 235	DJ13	3 550		4 200
20	K/N 122	DAJ13		125	4 075
31	Faktuur 237	DJ13	1 100		5 175

LYS VAN DEBITEURESALDO'S – 31 MEI

	FOLIO	DEBIET	KREDIET
Y Cassia	DG1	75	
G Cypress	DG3	5 175	
		5 250	



KREDITEUREGROOTBOEK VAN FOREST MEUBILEERDERS FIR ONDERNEMINGS

KG1

DATUM	BESONDERHEDE	FOLIO	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mei 1	Rekening gelewer				2 400
18	Joernaal (rente)	AJ13		40	2 440

VRAAG 24

CRAZY CRAFTS



- Die totaal van alle handelsware en ander dinge wat in die maand op krediet gekoop is.
- oorspronklike fakture
- Die krediteur het die bedrag wat ons te veel betaal (oorbetaal) het, terugbetaal.
 - Die krediteur het rente wat verkeerdlik deur ons betaal is, terugbetaal.
- R8 250 is betaal = R8 750 – R500 (kyk vir KBJ-verwysing)
- Bankstaat vir EFO
- Handelsvoorraad as goedere teruggestuur is, of Skryfbehoeftes/Verpakkingsmateriaal/Toerusting, ens.
- duplikaatdebitnota
- C
- Intern: kontroleer dat die saldo op die Krediteurekontrolerekening klop met die totaal van die Lys van krediteuresaldo's wat uit die Krediteurgrootboek geneem word.
Ekstern: kontroleer elke individuele krediteurrekening teen die staat wat van hulle ontvang is.

VRAAG 25

WACKY HANDELAARS



- Debiteure-afslag; duplikaatkredietnota
- Handelsvoorraad

VRAAG 27

B GOOD

NR.	BRONDOKUMENT	HJ	ALGEMENE GROOTBOEK		EFFEK OP		
			REKENING GEDEBITEER	REKENING GEKREDITEER	B	EB	L
1	Duplikaatdepositostrok	KOJ	Bank (B+)	Kapitaal (EB+)	+10 000	+10 000	0
2	Duplikaatkasregisterstrok	KOJ	Bank (B+)	Verkope (I+ = ☺)	+840	+840	0
	–	KOJ	Koste van verkope (U+ = ☹)	Handelsvoorraad (B–)	–420	–420	0
3	Bankstaat	KBJ	Telefoon (U+ = ☹)	Bank (B–)	–450	–450	0
4	Oorspronklike faktuur	KJ	Handelsvoorraad (B+)	Krediteurekontrole (L+)	+3 500	0	+3 500
5	Oorspronklike kleinkasbewys	KKJ	Lone (U+ = ☹)	Kleinkas (B–)	–150	–150	0
6	Oorspronklike joernaalbewys	AJ	Debiteurekontrole (B+)	Rente-inkomste (I+ = ☺)	+15	+15	0
7	Duplikaatdebitnota	KAJ	Krediteurekontrole (L–)	Skryfbehoeftes (U– = ☺)	0	+125	–125
8	Oorspronklike joernaalbewys	AJ	Oninbare skulde (U+ = ☹)	Debiteurekontrole (B–)	–225	–225	0
9	Duplikaatkwitansie	KOJ	Bank (B+)	Huurinkomste (I+ = ☺)	+250	+250	0
10	GEEN INSKRYWING						
11	Oorspronklike Bankstaat	KBJ	Bankkoste (U+ = ☹)	Bank (B–)	–100	–100	0
		KOJ	Bank (B+)	Rente op lopende rekening (I+ = ☺)	+35	+35	0

- 40% $280 - 200 = 80/200 \times 100$ (gebruik inligting vanaf nr. 2)
- R23 710 (24 166 – 456)
- Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)
 - die debiteur het Wacky Handelaars versoek om die geld wat oorbetal is, terug te betaal.
- R420
- Intern: kontroleer dat die saldo van die Debiteurekontrolerekening klop met die totaal van die Lys van debiteuresaldo's wat uit die Debiteurgrootboek geneem word.
Ekstern: wanneer state aan debiteure gestuur word, vra hulle om die besigheid te laat weet as hulle nie saamstem met die saldo wat op die staat getoon word nie.

VRAAG 26

OVER THE TOP HANDELAARS



- Dit verteenwoordig die goedere/handelsware wat in Mei vir kontant gekoop is.
- Klante het goedere teruggestuur omdat dit beskadig was OF Klante het goedere teruggestuur wat hulle nie bestel het nie.
- Ja, dit verkoop meer goedere vir kontant omdat die Koste van verkope-syfer van R36 400 wat uit die Kontantontvangstejoernaal oorgeboek is, groter is as die Koste van verkope-syfer van R32 200 wat uit die Debiteurejoernaal oorgeboek is.
- Krediteurejoernaal
- duplikaatdebitnota
- 5.2 Krediteurekontrole
- 6.2 Koste van verkope



8 FINALE REKENINGE

VRAAG 41



ALGEMENE GROOTBOEK VAN S SIMBA VERSEKERING (U)							
2.	+			-			
Feb 29	Totaal	o/d	10 500	Feb 29	Vooruitbetaalde uitgawes	AJ12	750
					Wins-en-verlies		9 750
			10 500				10 500

VOORUITBETAALDE UITGAWES (B)							
+				-			
Feb 29	Versekering	AJ12	750				
ALGEMENE JOERNAAL VAN S SIMBA							
Feb 29	Vooruitbetaalde uitgawes (B+)			750			
	Versekering (U-)						750
	versekering vir 2 maande vooruitbetaal						

$4\ 500/12 \times 2$ (Maart + April) = R750

RENTE OP VASTE DEPOSITO (I)							
3.	-			+			
Feb 29	Wins-en-verlies		1 560	Feb 29	Totaal	o/d	1 260
					Opgelope inkomste	AJ12	300
			1 560				1 560

OPGELOPE INKOMSTE (B)							
+				-			
Feb 29	Rente op vaste deposito	AJ12	300				
ALGEMENE JOERNAAL VAN S SIMBA							
Feb 29	Opgelope inkomste (B+)			300			
	Rente op vaste deposito (I+)						300
	rente op vaste deposito uitstaande vir 2 maande						



vaste deposito aan einde van jaar $R30\ 000 \times 0,06 \times 4/12 = 600$
vaste deposito aan begin van jaar $R24\ 000 \times 0,06 \times 8/12 = 960$ **R1 560**

Die rentesaldo moet na R1 560 aangesuiwer (verander) word, deur by te tel as die bedrag verskuldig (opgelope) is of af te trek as dit vooruitontvang (te veel) is.

RENTE OP LENING (U)							
4.	+			-			
Feb 29	Totaal	o/d	12 000	Feb 29	Wins-en-verlies		15 000
	Opgelope uitgawes	AJ12	3 000				15 000
			15 000				

OPGELOPE UITGAWES (L)							
-				+			
				Feb 29	Rente op lening	AJ12	3 000

ALGEMENE JOERNAAL VAN S SIMBA							
Feb 29	Rente op lening (U+)			3 000			
	Opgelope uitgawes (L+)						3 000
	rente op lening nog verskuldig vir 3 maande						



lening aan einde van jaar $R100\ 000 \times 0,12 \times \frac{1}{2} = 6\ 000$
lening aan begin van jaar $R150\ 000 \times 0,12 \times \frac{1}{2} = 9\ 000$ **R15 000**

Die rentesaldo moet na R15 000 aangesuiwer (verander) word, deur by te tel as die bedrag verskuldig (opgelope) is of af te trek as dit vooruitontvang (te veel) is.

VERPAKKINGSMATERIAAL (U)							
5.	+			-			
Feb 29	Saldo	a/b	14 250	Feb 29	Verbruiksgoedere voorhande	AJ12	250
					Wins-en-verlies		14 000
			14 250				14 250

VERBRUIKSGOEDERE VOORHANDE (B)							
+				-			
Feb 29	Verpakkingsmateriaal	AJ12	250				

ALGEMENE JOERNAAL VAN S SIMBA							
Feb 29	Verbruiksgoedere voorhande (B+)			250			
	Verpakkingsmateriaal (U-)						250
	verpakkingsmateriaal voorhande / nie gebruik nie						

HANDELSVOORRAAD (B)							
6.	+			-			
Feb 29	Saldo	a/b	130 000	Feb 29	Handelsvoorraadtekort	AJ12	4 760
					Saldo	o/d	125 240
			130 000				130 000
Mrt 1	Saldo	a/b	125 240				

HANDELSVOORRAADTEKORT (U)							
+				-			
Feb 29	Handelsvoorraad	AJ12	4 760				

ALGEMENE JOERNAAL VAN S SIMBA							
Feb 29	Handelsvoorraadtekort (U+)			4 760			
	Handelsvoorraad (B-)						4 760
	tekort in voorraad afgeskryf, deur S Simba gemagtig						

10 ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

VRAAG 57

UNICORN UNIVERSAL ONDERNEMINGS

1. Verkope = Koste van verkope + winsopslag = 100% + 50% = 150% wat 1,5 is
 $600\,000 \times 1,5 = \mathbf{R900\,000}$

2. Bedryfswins = Bedryfswins – Bedryfsuitgawes
 $= (900\,000 - 600\,000) 300\,000 - 158\,000$
 $= \mathbf{R142\,000}$

$$\frac{\text{Bedryfswins} \times 100}{\text{Verkope}} = \frac{142\,000 \times 100}{900\,000}$$

$$= \mathbf{15,78\%}$$

3. Netto wins = Bedryfswins + Rente-inkomste – Rente-uitgawe
 $= 142\,000 + 4\,500^* - 16\,500$
 $= \mathbf{R130\,000}$

4. $\frac{\text{Netto wins} \times 100}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} = \frac{130\,000 \times 100}{\frac{1}{2}(271\,430 + 180\,000)} = \mathbf{57,59\%}$

5. Bedryfsbates : Bedryfslaste = 54 070 + 34 700 + 1 650 : 26 654
 $= 90\,420 : 26\,654$
 $= \mathbf{3,39 : 1}$

Die 'ideale' verhouding is 2 : 1. Hierdie is bevredigend, alhoewel dit neig om 'n bietjie hoog te wees.

6. Bedryfsbates – Voorraad : Bedryfslaste = 90 420 – 54 070 : 26 654
 $= 36\,350 : 26\,654$
 $= \mathbf{1,36 : 1}$

Die 'ideale' verhouding is 1 : 1. Hierdie is baie bevredigend.



7. $\text{EB (2011)} + \text{Ekstra kapitaal} + \text{Netto wins} - \text{Onttrekkings} = \text{EB (2012)}$
 $180\,000 + x + 130\,000 - 58\,570 = 271\,430$
 Ekstra kapitaal = **R20 000**

Wanneer 'n syfer ontbreek, skryf die 'formule' neer en gebruik x as die ontbrekende syfer. Sit dan al die syfers op jou sakrekenaar en trek die een na die gelyk-aan-teken af om die antwoord te kry.



8. Totale bates : Totale laste
 Tasbare bates + Beleggings + Bedryfsbates = 222 664 + 45 000 + 90 420
 Nie-bedryfslaste + Bedryfslaste = 60 000 + 26 654
 $= 358\,084 : 86\,654$
 $= \mathbf{4,13 : 1}$

VRAAG 58

TROLL HANDELAARS

1. Huurinkomste / Oninbare skulde verhaal / Kommissie-inkomste / Korting ontvang.
 (slegs 2)

2. Rente op vaste deposito / Rente-inkomste / Rente op lopende rekening (slegs 2)

3. Rente-uitgawe – Rente op lening = rente op oortrekking
 $18\,400 - 15\,000 (100\,000 \times 0,15) = \mathbf{R3\,400}$


4. $\frac{\text{Netto wins} \times 100}{\text{Verkope}} = \frac{98\,765 \times 100}{748\,000} = \mathbf{13,2\%}$

5. Bedryfsbates : Bedryfslaste = 138 205 : 59 530
 $= \mathbf{2,3 : 1}$

6. Bedryfsbates – Voorraad : Bedryfslaste = 59 405 : 59 530
 $= \mathbf{1 : 1}$

7. Nee, ek stem nie heeltemal saam nie. Winsgewendheid het nie verbeter nie. Die netto wins as 'n persentasie van verkope het van 19% tot 13,2% afgeneem. Dit toon aan dat beheer oor bedryfsuitgawes nie voldoende was nie. Likiditeit het egter verbeter aangesien die bedryfsverhouding van 1,8 : 1 tot 2,3 : 1 verbeter het en die vuurproefverhouding van 1,7 : 1 tot 1 : 1 verbeter het. (Hoe nader aan 1 : 1 dit is, hoe beter.)

8. Die besigheid het 'n wins van R98 765 gemaak, maar die eienaar het onttrekkings van R125 000 geneem. Dit beteken dat ekwiteit verminder het. Wat hy in werklikheid gedoen het, was om van sy kapitaal te onttrek. Hy moes deel hiervan gebruik het om die oortrekking en lening te betaal aangesien die rente-uitgawe hoog is.



ALTERNATIEWE TERMINOLOGIE

Boekwaarde	verminderde / drawaarde
Drawaarde	boekwaarde / verminderde waarde
Inkomste ontvangbaar	opgelope inkomste
Inkomste vooruitontvang	uitgestelde inkomste
Joernaaldebite/-krediete	diverse rekeninge
Opgelope inkomste	inkomste ontvangbaar
Opgelope uitgawes	uitgawes betaalbaar
Reguitlyn-metode	kosprys-/vastepaalement-metode
Tasbare bates	vaste bates
Uitgawes betaalbaar	opgelope uitgawes
Uitgestelde inkomste	inkomste vooruitontvang
Vaste bates	tasbare bates
Vastepaalement-metode	kosprys-/reguitlyn-metode
Verminderde waarde	boekwaarde/drawaarde



GRAAD 10 FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste		(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste
$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$		Totale bates : Totale laste

